

# Saterdag 30 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium  
31:1-8

Fokusgedeelte: Deuteronomium  
31:7, 8

## Wanneer die HERE jou roep, loop Hý die pad voor jou uit!

Wéét jy dat jy deur God geroep is om spesifiek in vandag se wêreld as 'n uitverkorene in sý koninkryk werksaam te wees? In 2 Petrus 1:10, 11 sê die Here: *Maak julle roeping en verkiesing vas*, want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.

Op 120-jarige ouderdom gee Moses die leisels oor aan Josua. Moses het Israel van die slawehuis deur die woestyn tot op die drumpel van die Beloofde Land gelei. Die HERE roep nou vir Josua om die volk die Beloofde Land in te lei. Dit is 'n ontsettende groot roeping! Daar is sewe sterk nasies wat verdryf moet word. Aan elke Israeliet moet 'n erfdeel binne sy stamgebied gegee word.

Hoekom Josua (Efraïmstam) en nie Kaleb, die ouer en dalk meer wyse/ervare man uit die Judastam (leierstam), nie? Hierdie twee is die enigste verkenner van 40 jaar gelede wat gesê het: *Met die HERE se krag kán ons* (Num. 14:6-9)! Die ander tien sê dat die HERE hulle hierheen gebring het om gedood te word!

Die HERE kies en roep in sý wysheid vir Josua. Josua beteken dieselfde as Jesus – *die Here red*. Josua lei die volk vanuit die woestyn na die *Beloofde Land*. Jesus lei die uitverkorenes uit die sonde-wêreld na die *Beloofde Hemelse Woning*! Josua is 'n vooruitwysing na die volkome redding van Jesus.

Moses leer vir Josua hóé hy sy roeping en uitverkiesing vas moet maak:

- Onthou, dis die HERE wat jóú roep om sý beloftes uit te voer;
- Onthou, dis Hý wat voor jou uittrek (volg Hom in gehoorsaamheid); en
- Onthou, Hy sál met jou wees en jou nie begewe of verlaat nie.

As jy hierdie drie dinge doen, sal jy sterk en vol moed wees en nie bevrees of verskrik word nie! En jý? Maak jóú roeping en verkiesing vas – óók met hierdie drie dinge! Die HERE het jóú geroep en verkies om sý kind te wees; om 'n pa, ma, man, vrou of kind te wees. In vandag se wêreld met al sy bedreigings en woelings, kán jy – Hý loop mos die pad voor jou uit!

*Sing: Psalm 31-1:1, 6, 17*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad/Pretoria)*